Getal 10 storie:

Tien bye zoem al heeldag rond en drink die sap wat ons nektar noem – van die pragtige blomme in die buurt. Wanneer een van die bye 'n blom met sappige nektar vind, doen hy 'n klein dansie om vir die ander bye te laat weet dat daar kos naby is.

Die bye moet gou 'n huis kry sodat hulle heuning kan maak van die nektar wat hulle bymekaar gemaak het. Hulle kyk na die laaste huis in die ry en besluit dat dit 'n perfekte byekorf sal maak, want dit is wat bye hul huis noem. Bye werk baie hard en doen hulle werk baie goed. Hulle begin dus dadelik rond zoem om hulle byekorf in te rig en dit gemaklik en knus te maak. Hulle maak hul voordeur uit boomtakkies. Die getalsimbool 10 en die getalnaam tien kom op die voordeur saam met 10 deurklokkies. Die bye gebruik groen blare om gordyne te maak en kerse van byewas en heuning vir donker aande. Die koninginby, wat nuwe bye maak, rus in die korf terwyl die ander nege werkerbye heuning maak van die nektar wat hulle bymekaar gemaak het en dit in nege heuning potte skink. Vroeg die volgende oggend trek hulle hul gestreepte geel-en-swart truitjies en hul swart stewels aan en gaan lewer 'n pot vol heuning by elk van die nuwe bure af: die een olifant van huis nommer 1, die twee sebras van huis nommer 2, die drie meerkatte van huis nommer 3, die vier kameelperde van huis nommer 4, die vyf apies van huis nommer 5, die ses eende van huis nommer 6, die sewe paddatjies van huis nommer 7, die ag muise van huis nommer 8 en die nege voëls van huis nommer 9.


10
tien